ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 MAART 2008
EN KONTANTDIVIDEND VERKLARING

# REUNERT

REUNERT LIMITED

| Inkomste | Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel | Tussentydse kontantdividend per aandeel |
|---|---|---|
| +9% | +7% | +7% |

## VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT
Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008

| | Aan-tekeninge | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | % Ver-andering | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|---|---|
| Inkomste | | **5 084,8** | 4 654,3 | 9 | 9 574,4 |
| Verdienste voor rente, belasting, waardevermindering, amortisasie en ander inkomste | | **679,1** | 616,8 | 10 | 1 340,6 |
| Ander inkomste | 1 | **89,8** | 26,4 | 240 | 52,4 |
| Verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (VVRBWA) | 1 | **768,9** | 643,2 | 20 | 1 393,0 |
| Waardevermindering en amortisasie | | **39,9** | 35,6 | 12 | 74,3 |
| Bedryfswins | | **729,0** | 607,6 | 20 | 1 318,7 |
| Netto rente- en dividendinkomste | 2 | **30,6** | 27,1 | 13 | 54,8 |
| Abnormale items | 3 | **1,5** | (572,4) | | (447,6) |
| Wins voor belasting | | **761,1** | 62,3 | 1,122 | 925,9 |
| Belasting | | **247,7** | 200,8 | 23 | 427,4 |
| Wins/(verlies) na belasting | | **513,4** | (138,5) | | 498,5 |
| Deel van geassosieerde maatskappye se wins | 1 & 2 | **15,6** | 64,4 | (76) | 148,4 |
| Wins/(verlies) vir die tydperk | | **529,0** | (74,1) | | 646,9 |
| Wins/(verlies) vir die tydperk toeskryfbaar aan: | | | | | |
| Minderheidsbelang | | **2,7** | 3,1 | (13) | 7,6 |
| Ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | **526,3** | (77,2) | | 639,3 |
| | | **529,0** | (74,1) | | 646,9 |
| Basiese verdienste/(verlies) per aandeel (sent) | 4 | **296,2** | (43,7) | | 361,7 |
| Verwaterde basiese verdienste/(verlies) per aandeel (sent) | 4 | **294,0** | (42,2) | | 356,5 |
| Wesensverdienste/(verlies) per aandeel (sent) | 4 & 5 | **296,1** | (66,5) | | 272,4 |
| Verwaterde wesensverdienste/(verlies) per aandeel (sent) | 4 & 5 | **294,0** | (64,1) | | 268,4 |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | **277,5** | 258,3 | 7 | 570,3 |
| Genormaliseerde verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | **275,5** | 249,0 | 11 | 562,0 |
| Kontantdividend per gewone aandeel ten opsigte van die tydperk verklaar (sent) | | **78,0** | 73,0 | 7 | 314,0 |
| Belastingkoers, abnormale items uitgesluit (%) | | **32,6** | 34,1 | 4 | 32,2 |
| VVRBWA as 'n % van inkomste | 1 | **15,1** | 13,8 | 9 | 14,5 |

## VERKORTE GROEPBALANSSTAAT
Soos op 31 Maart 2008

| | Aan-tekeninge | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|---|
| **Nie-bedryfsbates** | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | | **599,9** | 545,8 | 578,7 |
| Klandisiewaarde | 6 | **291,9** | 336,9 | 372,8 |
| Beleggings en lenings | 7 | **1 482,5** | 211,3 | 727,9 |
| RC&C Finance Company-rekenings ontvangbaar | 14 | **—** | 1 155,4 | — |
| Uitgestelde belasting | | **36,9** | 69,4 | 37,9 |
| | | **2 411,2** | 2 318,8 | 1 717,3 |
| **Bedryfsbates** | | | | |
| Voorraad en onvoltooide kontrakte | | **961,5** | 786,6 | 879,8 |
| Rekenings ontvangbaar en afgeleide bates | | **1 951,3** | 1 425,1 | 1 716,1 |
| RC&C Finance Company-rekenings ontvangbaar | 14 | **—** | 445,0 | — |
| Kontant en kontantekwivalente | 9 | **294,1** | 72,5 | 530,6 |
| | | **3 206,9** | 2 729,2 | 3 126,5 |
| **Totale bates** | | **5 618,1** | 5 048,0 | 4 843,8 |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan aandeelhouers van Reunert Beperk** | | | | |
| Gewone | | **3 125,0** | 1 870,6 | 2 468,3 |
| Voorkeur | | **0,7** | 0,7 | 0,7 |
| | | **3 125,7** | 1 871,3 | 2 469,0 |
| Minderheidsbelang | | **16,3** | 31,4 | 14,4 |
| **Totale ekwiteit** | | **3 142,0** | 1 902,7 | 2 483,4 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | | |
| Langtermynlenings | 8 | **333,6** | 114,4 | 278,8 |
| Uitgestelde belasting | | **155,7** | 147,1 | 115,8 |
| | | **489,3** | 261,5 | 394,6 |
| **Bedryfslaste** | | | | |
| Rekenings betaalbaar, afgeleide aanspreeklikhede, voorsienings en belasting | | **1 822,7** | 1 669,8 | 1 787,6 |
| RC&C Finance Company-banklenings | 9 | **—** | 1 198,0 | — |
| Bankoortrekkings en korttermyngedeelte van langtermynlenings | | **164,1** | 16,0 | 178,2 |
| | | **1 986,8** | 2 883,8 | 1 965,8 |
| **Totale ekwiteit en laste** | | **5 618,1** | 5 048,0 | 4 843,8 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT
Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008

| | Aan-tekening | 2008 R miljoen | 2007* R miljoen | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|---|
| **Aandelekapitaal en -premie** | | **92,0** | 82,3 | 90,8 |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **90,8** | 76,9 | 76,9 |
| Aandele-uitgifte | | **1,2** | 5,5 | 14,0 |
| Aandele gekanselleer in terme van die terugkoop van tesourie-aandele – kapitaalgedeelte | | **—** | (0,1) | (0,1) |
| **Aandeelgebaseerde betalingsreserwe** | | **656,1** | 651,5 | 649,9 |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **649,9** | 40,4 | 40,4 |
| Aandeelgebaseerde betalingsuitgawe | | **6,2** | 611,1 | 607,4 |
| Bydrae deur Reunert aan werknemers van gesamentlike onderneming en geassosieerde in terme van die breëbasis-skema | | **—** | — | 2,1 |
| **Billikewaarde-aanpassingsreserwe**** | | **552,4** | — | — |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **—** | — | — |
| Voortspruitend uit billike waardasie van finansiële instrumente | | **591,7** | — | — |
| Uitgestelde belasting op billikewaarde-wins | | **(39,3)** | — | — |
| **Tesourie-aandele** | 10 | **(276,1)** | (276,1) | (276,1) |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **(276,1)** | (282,0) | (282,0) |
| Aandele gekanselleer in terme van die terugkoop van tesourie-aandele – kapitaalgedeelte | | **—** | 0,1 | 0,1 |
| Aandele gekanselleer in terme van die terugkoop van tesourie-aandele – dividendgedeelte | | **—** | 5,8 | 5,8 |
| **Nie-verdeelbare reserwes** | | **2,1** | 3,7 | 7,3 |
| Saldo aan die begin van die tydperk – hersaamgestel* | | **7,3** | 3,7 | 3,7 |
| Saldo aan die begin van die tydperk – soos voorheen gerapporteer | | **7,3** | 104,8 | 104,8 |
| Deel van geassosieerde maatskappy se behoue verdienste aan die begin van die tydperk oorgedra na behoue verdienste | | **—** | (101,1) | (101,1) |
| Oordrag vanaf behoue verdienste – hersaamgestel* | | **—** | — | — |
| Oordrag vanaf behoue verdienste – soos voorheen gerapporteer | | **—** | 64,4 | — |
| Oordrag vanaf behoue verdienste teruggeskryf | | **—** | (64,4) | — |
| Omrekeningsreserwe | | **(1,3)** | — | (0,3) |
| Reunert se deel van voorheen ekwiteitsverantwoorde geassosieerde se aktuarieel gewaardeerde surplus van mediesehulpvoorsiening | | **—** | — | 3,9 |
| Reunert se deel van voorheen ekwiteitsverantwoorde geassosieerde se aktuarieel gewaardeerde surplus van mediesehulpvoorsiening oorgedra na behoue verdienste*** | | **(3,9)** | — | — |
| **Behoue verdienste** | | **2 099,2** | 1 409,9 | 1 997,1 |
| Saldo aan die begin van die tydperk – hersaamgestel* | | **1 997,1** | 1 841,9 | 1 841,9 |
| Saldo aan die begin van die tydperk – soos voorheen gerapporteer | | **1 997,1** | 1 740,8 | 1 740,8 |
| Deel van geassosieerde maatskappy se behoue verdienste aan die begin van die tydperk oorgedra vanaf nie-verdeelbare reserwes | | **—** | 101,1 | 101,1 |
| Wins/(verlies) vir die tydperk | | **526,3** | (77,2) | 639,3 |
| Oordrag na nie-verdeelbare reserwes – hersaamgestel* | | **—** | — | — |
| Oordrag na nie-verdeelbare reserwes – soos voorheen gerapporteer | | **—** | (64,4) | — |
| Oordrag na nie-verdeelbare reserwes teruggeskryf | | **—** | 64,4 | — |
| Reunert se deel van voorheen ekwiteitsverantwoorde geassosieerde se aktuarieel gewaardeerde surplus van mediesehulpvoorsiening oorgedra vanaf nie-verdeelbare reserwes*** | | **3,9** | — | — |
| Kontantdividende verklaar | | **(428,1)** | (354,8) | (478,3) |
| Aandele gekanselleer in terme van die terugkoop van tesourie-aandele – dividendgedeelte | | **—** | — | (5,8) |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk** | | **3 125,7** | 1 871,3 | 2 469,0 |
| **Minderheidsbelang** | | **16,3** | 31,4 | 14,4 |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **14,4** | 38,2 | 38,2 |
| Wins vir die tydperk | | **2,7** | 3,1 | 7,6 |
| Dividende verklaar | | **(1,8)** | (4,5) | (4,5) |
| Netto bewegings in minderheidsaandeelhouers | | **1,0** | (5,4) | (26,9) |
| Totale ekwiteit aan die einde van die tydperk | | **3 142,0** | 1 902,7 | 2 483,4 |

*Die Maart 2007 inligting word hersaamgestel om die verandering in rekeningkundige beleid gedurende die vorige jaar aan te toon waarvolgens die groep se deel van die geassosieerde maatskappy se behoue verdienste voorheen na 'n nie-verdeelbare reserwe oorgedra is.
**Hierdie reserwe het betrekking op billikewaarde-aanpassings op finansiële bates wat as "beskikbaar-vir-verkoop" – finansiële bates aangewys is in terme van IRS 39.
***Omdat Reunert se belegging in NSN nie meer ekwiteitsverantwoord word nie (sien aantekening 7), word hierdie reserwe na behoue verdienste oorgedra.

## VERKORTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT
Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008

| | Aan-tekeninge | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | Jaar geëindig 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|---|
| VVRBWA | | **768,9** | 643,2 | 1 393,0 |
| Toename in netto bedryfskapitaal | | **(292,4)** | (411,1) | (739,7) |
| Toename in RC&C Finance Company-rekenings ontvangbaar | | **—** | (196,6) | — |
| Toename in RC&C Finance Company-rekenings ontvangbaar tot met datum van oordrag | 14 | **—** | — | (300,7) |
| Toename in ander bedryfskapitaal | | **(292,4)** | (214,5) | (439,0) |
| Kontant deur bedrywighede gegenereer | | **476,5** | 232,1 | 653,3 |
| Netto rente- en dividendinkomste (insluitend geassosieerdes) | | **30,6** | 27,1 | 200,8 |
| Belasting betaal | | **(231,3)** | (340,3) | (568,6) |
| Dividende betaal (insluitend aan minderheidsaandeelhouers) | | **(429,9)** | (750,1) | (879,3) |
| Ander (netto) | | **6,1** | 2,8 | 23,7 |
| Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | | **(148,0)** | (828,4) | (570,1) |
| Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | | **(129,1)** | (78,2) | 1 008,6 |
| Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | | **88,4** | 11,3 | 274,5 |
| **(Afname)/toename in netto kontantmiddele** | | **(188,7)** | (895,3) | 713,0 |
| **Netto korttermyn-banklenings aan die begin van die tydperk** | | **482,8** | (230,2) | (230,2) |
| **Netto kontantmiddele aan die einde van die tydperk** | | **294,1** | (1 125,5) | 482,8 |
| Kontant en kontantekwivalente | 9 | **294,1** | 72,5 | 530,6 |
| Bankoortrekkings | | **—** | — | (47,8) |
| Netto kontantmiddele, RC&C Finance Company-banklenings uitgesluit | 9 | **294,1** | 72,5 | 482,8 |
| RC&C Finance Company-banklenings | 9 | **—** | (1 198,0) | — |
| **Netto kontantmiddele insluitend RC&C Finance Company-banklenings aan die einde van die tydperk** | | **294,1** | (1 125,5) | 482,8 |

## AANTEKENINGE BY DIE INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAAT

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 1** | | | |
| **VVRBWA** | | | |
| VVRBWA word aangegee ná: | | | |
| – Koste van verkope | **3 670,5** | 3 355,5 | 6 763,1 |
| – Ander uitgawes, waardevermindering en amortisasie uitgesluit | **793,4** | 640,8 | 1 369,8 |
| – Ander inkomste | **89,8** | 26,4 | 52,4 |
| Kommissie-inkomste | **86,1** | — | — |
| Ander | **3,7** | 26,4 | 52,4 |
| – Gerealiseerde (wins)/verlies op buitelandse valuta en afgeleide instrumente | **(28,0)** | 50,7 | 106,9 |
| – Ongerealiseerde (wins)/verlies op buitelandse valuta en afgeleide instrumente | **(30,2)** | (9,5) | (6,0) |

Die kommissie-inkomste is vir kommissie verdien vanaf die Nokia Siemens Networks-Groep gebaseer op die verkoopsinkomste vir die Substreek waarvan Suid-Afrika deel vorm. Die kommissie hou verband met Reunert se belegging in Nokia Siemens Networks South Africa (Edms) Beperk (NSN). Reunert se deel van geassosieerde maatskappye se wins vir die huidige jaar sluit nie inkomste uit NSN in nie omdat die aard van die belegging verander het (sien aantekening 2 en 7).

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 2** | | | |
| **Netto rente- en dividendinkomste** | | | |
| Rente ontvang | **48,6** | 40,0 | 104,3 |
| – Van RC&C Finance Company (Edms) Beperk (RCCF) tot met datum van oordrag (sien aantekening 14) | **—** | 25,4 | 43,5 |
| – Ekstern | **48,6** | 14,6 | 60,8 |
| Rente betaal | **(21,6)** | (16,6) | (57,2) |
| Dividendinkomste behalwe dié vanaf geassosieerde maatskappye | **3,6** | 3,7 | 7,7 |
| Totaal | **30,6** | 27,1 | 54,8 |
| Dividendinkomste vanaf geassosieerde maatskappye ingesluit by deel van geassosieerde maatskappye se wins | **—** | — | 146,0 |
| **Aantekening 3** | | | |
| **Abnormale items** | | | |
| Netto surplus met verwatering in (sien aantekening 14) en verkoop van besigheid | **1,5** | — | 118,1 |
| Surplus met verkoop van nie-bedryfsbates aan die ATC/Aberdare- gesamentlike onderneming | **—** | 34,5 | 34,5 |
| Swart Ekonomiese Bemagtigings- (SEB) uitgawe – aandeelgebaseerde betaling (sien aantekening 10) | **—** | (556,6) | (556,6) |
| Aandeelgebaseerde betalingsuitgawe in terme van breëbasis-skema vir werknemers van die groep (sien aantekening 10) | **—** | (50,3) | (42,2) |
| Netto waardedalings | **—** | — | (1,4) |
| Totaal voor belasting | **1,5** | (572,4) | (447,6) |
| Belasting | **—** | 15,9 | 14,7 |
| Minderheidsbelang | **—** | — | 0,2 |
| Totaal | **1,5** | (556,5) | (432,7) |
| **Aantekening 4** | | | |
| **Aantal aandele gebruik om verdienste per aandeel te bereken** | | | |
| Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele gebruik om basiese verdienste, wesensverdienste en genormaliseerde wesensverdienste per aandeel te bereken (miljoene aandele) | **177,7** | 176,5 | 176,7 |
| Aangepas vir die verwateringseffek van: | | | |
| – Onuitgeoefende aandeelopsies toegestaan (miljoene aandele) | **1,3** | 2,1 | 1,5 |
| – Die veronderstelde onbeswaarde Reunert Beperk (Reunert) -aandele gehou deur Bargenel Investments Limited (Bargenel)) (miljoene aandele)* | **—** | 4,5 | 1,1 |
| Geweegde gemiddelde aantal aandele gebruik om verwaterde basiese, verwaterde wesens- en genormaliseerde verwaterde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene aandele) | **179,0** | 183,1 | 179,3 |

*Die veronderstelde onbeswaarde Reunert-aandele verteenwoordig die hoeveelheid (gebaseer op die gemiddelde aandeleprys gedurende die tydperk) van die 18,5 miljoen tesourie-aandele wat deur Bargenel gehou word wat uit Bargenel se ekwiteitswaarde aan die einde van die tydperk vereffen kan word.

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 5.1** | | | |
| **Wesensverdienste** | | | |
| Wesensverdienste is bepaal deur die uitwerking van die volgende items in toeskryfbare verdienste uit te skakel: | | | |
| Wins/(verlies) toeskryfbaar aan aandeelhouers van Reunert – IRS 33 basiese verdienste | **526,3** | (77,2) | 639,3 |
| Netto surplus met verwatering in en verkoop van besigheid | **(1,5)** | — | (118,1) |
| Verlies/(surplus) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | **0,9** | (36,1) | (35,2) |
| Netto waardedalings | **—** | — | 1,4 |
| Belastinguitwerking van aanpassings | **0,5** | (4 ,1) | (6,1) |
| Wesensverdienste/(verlies) | **526,2** | (117,4) | 481,3 |
| **Aantekening 5.2** | | | |
| **Genormaliseerde wesensverdienste** | | | |
| Genormaliseerde wesensverdienste is bepaal deur die uitwerking van die volgende items in toeskryfbare wesensverdienste uit te skakel: | | | |
| Wesensverdienste/(verlies) | **526,2** | (117,4) | 481,3 |
| SEB-uitgawe – aandeelgebaseerde betaling | **—** | 556,6 | 556,6 |
| Aandeelgebaseerde betalingsuitgawe in terme van breëbasis-skema vir werknemers van die groep | **—** | 50,3 | 42,2 |
| SEB-gedeelte van wesens- en genormaliseerde wesensverdienste-aanpassings | **—** | — | 8,2 |
| Bydrae deur Reunert aan werknemers van gesamentlike ondernemings en geassosieerde | **—** | — | 2,1 |
| Uitwerking van aanpassings op minderheidsbelang | **—** | — | (0,1) |
| Belastinguitwerking van aanpassings | **—** | (11,4) | (9,1) |
| | **526,2** | 478,1 | 1 081,2 |
| Aandeel in winste ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote (sien aantekening 10) | **(33,0)** | (22,2) | (73,5) |
| Genormaliseerde wesensverdienste (basies en verwater) | **493,2** | 455,9 | 1 007,7 |
| **Aantekening 6** | | | |
| **Klandisiewaarde** | | | |
| Drawaarde aan die begin van die jaar | **372,8** | 326,8 | 326,8 |
| Verkryging van besighede en minderheidsbelange | **13,7** | 10,1 | 45,7 |
| Negatiewe klandisiewaarde na wins geneem in terme van IFVS 3 | **—** | — | 1,1 |
| Waardedalings | **—** | — | (0,8) |
| Ongeamortiseerde klandisiewaarde wat in 'n vorige tydperk op 'n verdere verkryging van NSN ontstaan het, nou oorgedra na belegging in NSN (sien aantekening 7) | **(94,6)** | — | — |
| Drawaarde aan die einde van die jaar | **291,9** | 336,9 | 372,8 |
| **Aantekening 7** | | | |
| **Beleggings en lenings** | | | |
| Ongenoteerde geassosieerde maatskappye – teen kosprys plus ekwiteitsverantwoorde verdienste, klandisiewaarde uitgesluit | **297,7** | 190,4 | 400,3 |
| – NSN | **—** | 190,4 | 119,7 |
| – Quince (sien aantekening 14)* | **297,7** | — | 280,6 |
| Ander ongenoteerde beleggings – teen kosprys | **7,0** | 7,1 | 7,0 |
| Lenings – teen kosprys | **52,4** | 13,8 | 54,5 |
| Langtermynrekenings ontvangbaar | **319,4** | — | 266,1 |
| Finansiële instrumente –- belegging in NSN – teen billike waarde* | **806,0** | — | — |
| Drawaarde van NSN op 1 Oktober 2007, voorheen 'n ongenoteerde maatskappy, nou 'n finansiële instrument | **119,7** | — | — |
| Ongeamortiseerde klandisiewaarde wat op 'n verdere verkryging in 'n vorige tydperk ontstaan het (sien aantekening 6) | **94,6** | — | — |
| Billikewaarde-aanpassing (sien staat van veranderinge in ekwiteit) | **591,7** | — | — |
| Totale drawaarde | **1 482,5** | 211,3 | 727,9 |
| Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings | | | |
| – Ongenoteerde geassosieerde maatskappye (2008: Quince, 2007: NSN) | **404,0** | 520,0 | 908,0 |
| – Ander ongenoteerde beleggings (2008 sluit NSN teen R806,0 miljoen in) | **813,0** | 7,1 | 7,0 |

*Die aard van die belegging in NSN en die inkomste wat uit hierdie belegging ontvang word (sien aantekening 1) het effektief 1 Oktober 2007 verander, na afloop van 'n samesmelting herstrukturering in die Nokia Siemens Networks Groep. Alhoewel Reunert die 40% belang in NSN behou het, het wesenlike invloed tot 'n einde gekom deurdat Reunert nie meer verteenwoordiging op die direksie van NSN het nie. Die belegging in NSN is derhalwe herklassifiseer as 'n finansiële instrument, en aangewys as "beskikbaar-vir-verkoop", soos omskryf in IRS 39 – Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting.
As gevolg van 'n verandering in die aandeelhouersooreenkoms, verdien Reunert sedertdien kommissie op verkope van NSN produkte. Dit word verwag dat toekomstige kommissie inkomste ten minste gelykstaande sal wees aan die oorspronklike verwagte dividend inkomste. Inkomste ten opsigte van die belegging in NSN is voorheen volgens die ekwiteitsmetode erken en by deel van van geassosieerde maatskappye se wins in die inkomstestaat ingesluit.
Die billike waarde van van die belegging is verkry deur 'n verdiskonteerde kontantvloeimetode toe te pas op die bedrag wat in die aandeelhouersooreenkoms gespesifiseer word as die minimum waarde van Reunert se aandeelhouding indien dit aan die Nokia Siemens Networks Groep verkoop sou word, tesame met 'n skatting van toekomstige kommissies. In terme van die ooreenkoms mag die belegging na Desember 2010 verkoop word.

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 8** | | | |
| **Langtermynlenings** | | | |
| Totale langtermynlenings (insluitend finansiële bruikhuurkontrakte) | **475,4** | 108,1 | 386,9 |
| *Min:* Korttermyngedeelte (insluitend finansiële bruikhuurkontrakte) | **(164,1)** | (16,0) | (130,4) |
| | **311,3** | 92,1 | 256,5 |
| Lening terugbetaal deur SEB-vennoot* | **22,3** | 22,3 | 22,3 |
| | **333,6** | 114,4 | 278,8 |

## AANTEKENINGE BY DIE INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAAT (VERVOLG)

**Aantekening 8 *(vervolg)***

Die langtermynlenings in die huidige jaar en op 30 September 2007 is 'n verpligting teenoor RCCF, wat tans besit word deur Quince Capital Holdings (Edms) Beperk (Quince), 'n ekwiteitsverantwoorde geassosieerde maatskappy. Verskeie bedrywighede in die groep wat in kantoortoerusting handel dryf, het debiteure by RCCF-verdiskonteer op die basis dat die risiko van slegte skuld deur die Reunert-groepbedrywighede gedra word. Ooreenkomstig bestaande rekeningkundige praktyk kan hierdie debiteure nie deur die Reunert-groepbedrywighede on-erken word nie, en gevolglik word die langtermyngedeelte van die debiteure by langtermynrekenings ontvangbaar (sien aantekening 7), die korttermyngedeelte by rekenings ontvangbaar en die uitstaande saldo van kontant van RCCF verkry by langtermynlenings ingesluit.

Die groep het 'n ooreenkoms met Powerhouse Utilities (Edms) Beperk (Powerhouse) aangegaan ingevolge waarvan 25,1% van die A-aandele van ATC op 1 Desember 2004 aan Powerhouse verkoop is teen 'n koste van R130 miljoen. Volgens IFVS kan hierdie transaksie nie as 'n verkoop verantwoord word nie omdat die lening nie deur Powerhouse afbetaal is nie en daar sekere voorwaardes aan die onbetaalde gedeelte verbonde is, nieteenstaande die feit dat die ekonomiese realiteit van hierdie transaksie in werklikheid 'n verkoop is.

Die langtermynlenings in Maart 2007 hou verband met finansiering wat deur Nedbank Beperk (Nedbank) aan Powerhouse beskikbaar gestel is vir hul verkryging van 25,1% van die A-aandele van ATC. Die lening is deur Reunert gewaarborg en ooreenkomstig bestaande rekeningkundige praktyk wat vir hierdie transaksie geld, word dit op die Reunert-balansstaat weerspieël. Die Nedbank-lenings is op 1 Junie 2007 deur Reunert terugbetaal, met die uitwerking dat die lening nou deur Powerhouse aan Reunert betaalbaar is en is as 'n belegging in filiaal verantwoord.

*Terugbetaling van die lening deur die SEB-vennoot verteenwoordig 'n gedeelte van die dividende wat deur ATC aan Powerhouse betaal is en aangewend is om 'n gedeelte van die lening terug te betaal. Ooreenkomstig bestaande rekeningkundige praktyk moet dit as 'n langtermynaanspreeklikheid in die Reunert-balansstaat weerspieël word. Wanneer die beduidende risiko's en voordele verbonde aan eienaarskap in die ekwiteit van ATC geag word na die SEB-vennoot oor te gaan, sal hierdie gedeelte van die lening wat deur Powerhouse betaal is, na minderheidsbelang oorgedra word.

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | Jaar geëindig 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 9** | | | |
| **Groepkontantmiddele/lenings** | | | |
| Totale RCCF-lenings aan die einde van die tydperk (sien aantekening 14) | **—** | 1 469,0 | — |
| *Min:* Befonds uit ander Reunert-kontantmiddele (sien hieronder) | **—** | (271,0) | — |
| RCCF-banklenings aan die einde van die tydperk (sien aantekening 14) | **—** | 1 198,0 | — |
| Totale Reunert- netto kontantmiddele aan die einde van die tydperk | **294,1** | 343,5 | 482,8 |
| *Min:* Aangewend om RCCF te befonds (sien hierbo) (sien aanekening 14) | **—** | (271,0) | — |
| | **294,1** | 72,5 | 482,8 |
| *Tel by:* Bankoortrekkings | **—** | — | 47,8 |
| Kontant en kontantekwivalente | **294,1** | 72,5 | 530,6 |

**Aantekening 10**
**SEB-transaksies**

Reunert se SEB-transaksie is op 6 Februarie 2007 deur aandeelhouers goedgekeur. As gevolg van die verkoop van Bargenel aan die SEB-vennote, die aandeelhouers van Peotona Group Holdings (Edms) Beperk (Peotona) en die Rebatona Educational Trust, is 'n aandeelgebaseerde betalingsuitgawe (IFVS 2) van R556,6 miljoen in die vorige finansiële jaar erken. Die verkoop deur Bargenel, wat 18,5 miljoen aandele in Reunert hou, het teen 'n 10% korting op die Reunert-aandeleprys geskied. Ooreenkomstig IFVS moet die verkoop nie as 'n verkoop verantwoord word nie omdat die voorkeuraandele wat deur Bargenel aan Reunert uitgereik is en wat die verkryging van Bargenel finansier, nog nie ten volle terug betaal is nie en daar sekere voorwaardes aan die onbetaalde gedeelte verbonde is, nieteenstaande die feit dat die ekonomiese realiteit van hierdie transaksie in werklikheid 'n verkoop is.

Alle werknemers in die Reunert-groep wat nie in enige ander aandeel-aansporingskema gedeel het nie, het 100 Reunert-aandele elk ontvang wat in trust gehou sal word vir 'n tydperk van vyf jaar. Die werknemers sal die aandele slegs na vyf jaar kan verkoop, maar geniet volle regte om alle dividende te ontvang wat gedurende die vyf-jaar-tydperk verklaar word. Die gevolglike koste vir die Reunert-groep is erken as die verskil tussen die billike waarde van 'n Reunert-aandeel op 6 Februarie 2007 (R83,90) en die aandeel se kosprys van 10 sent elk. 'n Uitgestelde belastingbate is erken ten opsigte van die toekomstige belastingaftrekking.

Soos in aantekening 8 gemeld, is sekere SEB-transaksies rakende die verkoop van ekwiteitsbelange nie erken nie, aangesien die beduidende risiko's en voordele verbonde aan eienaarskap van die aandele nie na die SEB-vennote oorgedra, geag te wees nie, totdat die aandele ten volle betaal is. Gevolglik is die ekwiteitsbelange in die geaffekteerde filiale nie in die groepinkomstestaat en -balansstaat erken nie.

Die uitwerking hiervan was om nie die volgende te erken nie:

| | 2008 | 2007 | Jaar geëindig 2007 |
|---|---|---|---|
| – Aandeel in huidige tydperk se wins wat ekonomies toeskryfbaar is aan SEB-vennote | **33,0** | 32,0 | 73,5 |
| – Balansstaat-belang wat ekonomies toeskryfbaar is aan SEB-vennote | **194,8** | 122,7 | 161,8 |

**Aantekening 11**
**Opstellingsgrondslag**

Die verkorte tussentydse groep- finansiële state is ooreenkomstig IRS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening en die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet 61 van 1973, soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel. Die groep se rekeningkundige beleid soos uiteengesit in die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 September 2007, is konsekwent toegepas. As gevolg van die verandering in die aard van die belegging in NSN het die rekeningkundige behandeling vir hierdie belegging egter verander (sien aantekening 1 en 7).

Die verkorte tussentydse finansiële state is nie deur die groep se ouditeure nagesien of geouditeer nie.

**Aantekening 12**
**Ongekonsolideerde filiaal**

Die finansiële resultate van Cafca Limited (Cafca), 'n filiaal wat in Zimbabwe geïnkorporeer is, is nie in die groepresultate gekonsolideer nie aangesien die direkteure meen dat daar 'n gebrek aan beheer is soos omskryf in IRS 27 – Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State, en dat die tersaaklike bedrae nie wesenlik vir die groep se resultate is nie.

**Aantekening 13**
**Wesenlike korporatiewe aktiwiteit**
**Verkryging van Nashua-franchise**

Nashua Holdings (Edms) Beperk (Nashua) het effektief 1 November 2007, 51% van die Wesrandse Nashua-franchise verkry. Nashua het leningsfinansiering ten bedrae van R20,4 miljoen aan die ander aandeelhouers verskaf. Die minderheidsaandeelhouers het R1,0 miljoen se ekwiteit verskaf.

| | Nashua franchise R miljoen |
|---|---|
| **Netto bates verkry:** | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **2,4** |
| Klandisiewaarde | **13,7** |
| Voorraad | **4,8** |
| Rekenings ontvangbaar | **3,9** |
| Rekenings betaalbaar en voorsienings | **(4,4)** |
| Koste van belegging | **20,4** |
| Verlies sedert verkryging | **(0,9)** |
| Inkomste vir die tydperk geëindig 31 Maart 2008 asof die verkrygingsdatum 1 Oktober 2007 was | **25,5** |
| Verlies vir die tydperk geëindig 31 Maart 2008 asof die verkrygingsdatum 1 Oktober 2007 was | **(0,9)** |

**Aantekening 14**
**Gebeure na die balansstaatdatum**

Op 1 Mei 2007 is RCCF aan Quince verkoop in ruil vir Quince-aandele. Sedert daardie datum word Quince as 'n ekwiteitsverantwoorde geassosieerde in die Reunert-groepresultate behandel. Ooreenkoms is met die ander aandeelhouers van Quince bereik dat Reunert die aandelekapitaal van Quince wat nie reeds deur Reunert besit word nie, vir ongeveer R433 miljoen verkry. Die waardasie is op dieselfde beginsels gedoen as die oorspronklike transaksie. Die ander aandeelhouers sal terselfdertyd die besighede wat hulle verlede jaar aan Quince verkoop het, naamlik Scripfin en Quince Property Finance, vir ongeveer R17 miljoen verkry. RCCF sal 'n 100%-filiaal van Quince bly. Goedkeuring van die Mededingingskommissie sal na verwagting teen einde Mei 2008 verkry word. Tot dan sal Quince se resultate steeds in die Reunert-groepresultate ekwiteitsverantwoord word.

Op 1 April 2008 is Moeller Suid-Afrika aangekoop vir R24,3 miljoen. Die aankoop sal die produk reeks van die laespanningsbesigheid van CBI-electric uitbrei.

## AANVULLENDE INLIGTING
Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008

| R miljoen (tensy anders vermeld) | Aan-tekening | 2008 | 2007 | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|---|
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | | **1 758** | 1 061 | 1 390 |
| Bedryfsverhouding, rentedraende bedryfslaste uitgesluit (:1) | | **1,8** | 1,6 | 1,7 |
| Netto aantal uitgereikte gewone aandele (miljoen) | | **177,8** | 176,6 | 177,7 |
| Aantal uitgereikte gewone aandele (miljoen) | | **196,3** | 195,1 | 196,2 |
| *Min:* Deur filiaal gehou (miljoen) | 10 | **(18,5)** | (18,5) | (18,5) |
| Kapitaalbesteding | | **66,2** | 87,0 | 149,0 |
| – uitbreiding | | **36,0** | 68,1 | 86,9 |
| – vervanging | | **30,2** | 18,9 | 62,1 |
| Kapitaalverpligtinge ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting | | **33,1** | 105,2 | 80,2 |
| – gekontrakteer | | **13,6** | 52,8 | 54,5 |
| – gemagtig maar nog ongekontrakteer | | **19,5** | 52,4 | 25,7 |
| Verpligtinge ten opsigte van bedryfshuurkontrakte | | **91,7** | 81,8 | 97,1 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede | | **700,0** | 3,5 | — |
| – waarborge ten opsigte van Quince | | **700,0** | — | — |
| – waarborge ten opsigte debiteure verkoop | | **—** | 0,3 | — |
| – waarborge ten opsigte van derde partye | | **—** | 3,2 | — |

## VERKORTE SEGMENTONTLEDING
Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008

| | 2008 R miljoen | % | 2007 R miljoen | % | % ver-andering | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste*** | | | | | | | |
| CBI-electric** | **1 750,3** | 34 | 1 615,3 | 32 | 8 | 3 315,1 | 29 |
| Nashua | **3 125,8** | 61 | 2 837,4 | 55 | 10 | 5 816,3 | 52 |
| NSN*** | **—** | — | 454,0 | 9 | | 1 712,9 | 15 |
| Reutech | **281,7** | 5 | 201,6 | 4 | 40 | 490,5 | 4 |
| Totale bedrywighede | **5 157,8** | 100 | 5 108,3 | 100 | 1 | 11 334,8 | 100 |
| *Min:* Reunert se toeskryfbare gedeelte van geassosieerde maatskappy se inkomste | **(73,0)** | | (454,0) | | | (1 760,4) | |
| **Inkomste soos gerapporteer** | **5 084,8** | | 4 654,3 | | 9 | 9 574,4 | |

*Tussensegmentinkomste is nie wesenlik nie en word nie aangetoon nie.
**Inkomste vir die jaar geëindig 30 September 2007 sluit in bedrag van R96,3 miljoen in vir voorraad wat ATC (Edms) Beperk teen boekwaarde aan CBI-Electric Abedare ATC Telecom Cables (Edms) Beperk verkoop het.
***Inkomste sluit nie kommissie ontvang toeskryfbaar aan die belegging in NSN in nie (sien aantekening 1 en 7).

| | 2008 R miljoen | % | 2007 R miljoen | % | % ver-andering | Jaar geëindig 30 Sept 2007 R miljoen (Geouditeer) | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bedryfswins** | | | | | | | |
| CBI-electric | **289,3** | 39 | 266,1 | 37 | 9 | 553,9 | 36 |
| Nashua | **310,2** | 41 | 325,1 | 46 | (5) | 674,7 | 44 |
| NSN* | **86,1** | 11 | 105,7 | 15 | (19) | 211,2 | 13 |
| Reutech | **65,0** | 9 | 16,4 | 2 | 296 | 109,2 | 7 |
| Totale bedrywighede | **750,6** | 100 | 713,3 | 100 | 5 | 1 549,0 | 100 |
| *Min:* Reunert se toeskryfbare gedeelte van geassosieerde maatskappy se netto bedryfswins | **(21,6)** | | (105,7) | | | (230,3) | |
| **Bedryfswins soos gerapporteer** | **729,0** | | 607,6 | | 20 | 1 318,7 | |

*Bedryfswins in 2008 verteenwoordig kommissie ontvang, terwyl die 2007 syfer 40% van die bedryfswins van NSN verteenwoordig (sien aantekening 1 en 7).



www.reunert.com

## KOMMENTAAR

Inkomste vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008 vergeleke met die vorige verslagtydperk het met 9% tot R5,1 miljard gestyg. Bedryfsinkomste,wat kommissie verdien vanaf Nokia Siemens Networks (NSN) in terme van die nuwe aandeelhouersooreenkoms uitsluit, het met 6% gegroei.

Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel het met 7% verbeter tot 277,5 sent per aandeel. Kontant voorhande het einde Maart R294 miljoen bedra.

### DIE CBI-ELECTRIC-GROEP

Inkomste en bedryfswins het met onderskeidelik 8% en 9% gegroei ten spyte van die feit dat Reunert se belang in die telekommunikasiekabel besigheid van 100% na 50% verminder het vanaf 1 Februarie 2007.

Die laespanningsbesigheid het die nuwe finansiële jaar goed afgeskop alhoewel die veskuiwing van die monteerbedrywighede uit Qwa-Qwa na Lesotho die lewering van produkte ontwrig het. Die koste van die verskuiwing is ten volle in die oorsigtydperk geabsorbeer. Die plaaslike en internasionale vraag is steeds stewig.

CBI-electric het sy produkreeks verder uitgebrei met die verkryging van Moeller South Africa. Die verkryging was op 1 April 2008 van krag en die afdeling sal na verwagting 10% tot die inkomste van die laespanningbesigheid bydra op ’n volle jaar-grondslag.

Die kragkabelbedrywighede word steeds bevoordeel deur lewendige marktoestande. Die volle voordeel van die markomgewing is ietwat verwater deur die onderbrekings as gevolg van installering van addisionele kapasiteit en aanhoudende nywerheidsonrus wat oplaas in Februarie bygelê is. Doeltreffendheid was nie op verlangde vlakke nie maar behoort binnekort te verbeter. Bedryfskapitaal behoort te daal namate doeltreffendheid verbeter.

Die telekommunikasiekabel- gesamentlike onderneming is onder druk deur ’n afplatting in die Telkom-vraag na koperkabels. Dit is in ’n sekere mate teëgewerk deur ’n stewige vraag na instrumentasie/data en optiesevesel kabels van ander kliënte. Neotel en die sellulêre operateurs, spesifiek MTN, begin nou beduidende hoeveelhede optiesevesel kabels aankoop.

CBI-electric is goed geposisioneer om in die toekoms voordeel te trek uit die volgehoue sterk vraag na sy produkte. Bedrywighede is bestendig en kapitaal gaan belê word om voldoende kapasiteit te verseker.

### DIE NASHUA-GROEP

Inkomste het met 10% verbeter. Indien die bedryfswins met die normale bedryfswins van die vorige tydperk vergelyk word, het dit met 12% verbeter. Taamlike groot eenmalige inkomste wat in die vorige tydperk deur RC&C Finance ontvang is, het egter die basis verhoog en die bedryfswins het gevolglik met 5% verlaag.

Die kantoorstelselbesigheid het goeie groei in inkomste én bedryfswins aangeteken. Nagenoeg 50% van die inkomste word nou deur die franchise-afsetpunte, waarin ons die meerderheidsbelang besit gegenereer, wat ons uit ’n mededingingsoogpunt beter posisioneer. Die styging in inkomste kan hoofsaaklik aan hierdie strategie toegeskryf word.

Nashua Mobile het van krag tot krag gegaan. ’n Wye dekking, wat toegang tot kliënte bied, het groei in intekenaar getalle tot gevolg gehad. Verkope van veral dataprodukte was baie goed. Slegte skuld is vinnig aan die toeneem en die strenger kredietkriteria wat as gevolg daarvan ingestel is, sal toekomstige groei in intekenaar getalle aan bande lê.

Nashua Electronics, die verspreider van Panasonic-produkte in Suider-Afrika, het goeie resultate behaal te midde van ’n uiters moeilike mark, met die verbruikersprodukte besigheid wat marginaal winsgewend gebly het. Daarenteen het besigheidstelsels uit ’n inkomste- én ’n winsoogpunt teen ’n aanvaarbare koers gegroei.

Op ’n soort-vir-soort-grondslag, het Nashua Finance wat binnekort weer ’n volfiliaal van Reunert gaan wees, goeie groei in inkomste en wins aangeteken. Befondsing is ’n uitdaging en kry deurlopend aandag. Die debiteure boek, wat op bykans R2 miljard staan, is van goeie gehalte en is deels (R700 miljoen) gesekuriteer. Na verwagting sal die maatskappy teen die einde van die kalenderjaar finale befondsings reelings in plek hê.

Die Nashua besighede is baie sterk en gaan na verwagting reële groei voortbring ten spyte van die moeilike ekonomiese omstandighede.

### REUTECH

Goeie uitvoerverkope en gesonde marges het baie bevredigende resultate vir ons verdedigingsondernemings tot gevolg gehad met inkomste wat met 40% verhoog het en bedryfswins wat met 396% tot R65 miljoen verbeter het.

Deurlopende belegging in nuwe produkte behoort te verseker dat hierdie besigheid sy bydrae tot groepinkomste verhoog. Plaaslike verkope gaan na verwagting bestendig styg wat ’n welkome grondslag sal verskaf om die wisselvalligheid in Reutech se verdienste te verminder.

### TELEKOMMUNIKASIE

NSN South Africa is steeds die grootste verskaffer van telekommunikasie-infrastruktuurtoerusting in Suid-Afrika. Die vraag van sleutelkliënte Vodacom en Telkom is sterk terwyl Neotel se volumes beduidend begin styg.

Weens ’n verandering in die aandeelhouersooreenkoms verdien Reunert nou kommissie op verkope. Toekomstige kommissie behoort van dieselfde omvang te wees as die oorspronklik verwagte dividende. Reunert het ’n opsie om hierdie belegging te beëindig na Desember 2010.

### VOORUITSIGTE

’n Afplatting in die verbruikersvraag, hoër inflasie, die Eskom-kragkrisis, rentekoersverhogings en brandstofprys verhogings het die Suid-Afrikaanse ekonomie en sentiment negatief gestem. Die subprima-krisis het die internasionale markte beinvloed wat weer negatief op die plaaslike markte ingewerk het. Daarenteen het die volgehoue hoë kommoditeitspryse en ’n swakker rand die uitvoervooruitsigte verbeter. Infrastruktuurbesteding deur veral staats- en semistaats-instellings het verskeie van Reunert se marksektore bevoordeel.

Na verwagting sal ons vir die volle jaar reële verdienste groei toon.

### DIVIDEND

Kennis geskied hiermee dat die direkteure tussentydse gewone dividend Nr 164 van 78 sent per aandeel (2007: 73 sent per aandeel) vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008 verklaar het. Ter voldoening aan die vereistes van STRATE, is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling (met dividend) | Donderdag, 12 Junie 2008 |
| Eerste dag vir verhandeling (sonder dividend) | Vrydag, 13 Junie 2008 |
| Rekorddatum | Vrydag, 20 Junie 2008 |
| Betaaldatum | Maandag, 23 Junie 2008 |

Aandeelhouers mag nie hul aandeelsertifikate tussen Vrydag, 13 Junie 2008 en Vrydag, 20 Junie 2008, albei dae ingesluit, dematerialiseer of hermaterialiseer nie.

Namens die direksie

**Martin Shaw**
Voorsitter

**Gerrit Pretorius**
Uitvoerende Hoof

Sandton, 13 Mei 2008

### REUNERT BEPERK

Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika (Registrasienommer 1913/004355/06)
Aandeelkode: RLO ISIN-kode: ZAE000057428

**Direkteure:** MJ Shaw (Voorsitter)*, G Pretorius (Uitvoerende Hoof), BP Connellan*, KS Fuller*, BP Gallagher, SD Jagoe*, KJ Makwetla*, GJ Oosthuizen, ND Orleyn*, DJ Rawlinson, Dr JC van der Horst*

*Nie-uitvoerend

**Geregistreerde kantoor:** Lincoln Wood Office Park
Woodlandsrylaan 6 – 10, Woodmead, Sandton
Posbus 784391, Sandton, 2146
Telefoon +27 11 517 9000

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Marshallstraat, 70 Johannesburg, 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**Borg:** Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

**Verklaring deur die Maatskappysekretaris**
Kragtens artikel 268 G(d) van die Maatskappywet, 61 van 1973, soos gewysig, verklaar ek hiermee dat die maatskappy na my beste wete alle opgawes wat deur die Maatskappywet van ’n openbare maatskappy vereis word, vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008 by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat al sodanige opgawes juis, korrek en op datum is.

**JAF Simmonds**
Vir Reunert Management Services Beperk
Maatskappysekretaris

**Navrae**
Carina de Klerk +27 11 517 9000 of e-pos invest@reunert.co.za.
Vir meer inligting, besoek Reunert se webwerf by www.reunert.com

REUNERT
REUNERT LIMITED

BASTION GRAPHICS